Biblioteek van Assurbanipal

in Wikipedia, die vrye ensiklopedie

Die **Biblioteek van Assurbanipal**, wat genoem is na die groot koning Assurbanipal van die Nieu-Assiriese Ryk, is ’n versameling van duisende kleitablette en -fragmente met ’n verskeidenheid inligting uit die 7de eeu v.C.. Daaronder is die bekende *Heldedig van Gilgamesj*. Weens die slordige hantering van die oorspronklike materiaal is ’n groot deel daarvan onherstelbaar beskadig en is dit onmoontlik vir geleerdes om baie van die tekste te rekonstrueer.

Tablet met ’n deel van die *Heldedig van Gilgamesj*, Britse Museum.

Die tablette is ontdek op die terrein van die ou stad Nineve, die hoofstad van Assirië in Noord-Mesopotamië (in die hedendaagse Irak).[1][2]

Volgens Oud-Persiese en Armeense tradisies was Alexander die Grote so beïndruk met die biblioteek toe hy dit sien dat dit hom laat besluit het om sy eie biblioteek te bou. Hy is dood voordat hy dit kon doen, maar sy vriend en opvolger in Antieke Egipte, Ptolemeus I Soter, het die projek begin wat later die beroemde Biblioteek van Alexandrië sou word.[3]

Die Venus-tablet van Ammisaduqa met sterrevoorspellings.

Inhoud

Inhoud
Voorbeelde van tablette
Verwysings
Eksterne skakels

Inhoud

Assurbanipal was bekend as ’n sterk krygsheer, maar hy was ook ’n intellektueel wat geletterd was en beide Akkadies en Sumeries kon lees en skryf. Hy was ook ’n passievolle versamelaar van tekste en tablette.[4] Hy het skribas na elke streek in die Nieu-Assiriese Ryk gestuur om antieke tekste te versamel. Hy het ook geleerdes en skribas gehuur om veral Babiloniese tekste te kopieer.[1][2]

Assurbanipal was nie skaam om oorlogsbuit te gebruik om sy biblioteek te vul nie. Hy was wreed teenoor sy vyande en het hulle gedreig om materiaal uit Babilonië en omringende gebiede te bekom.[5]

Die biblioteek bevat sowat 30 000 tablette en geskrewe borde, hoewel die meeste daarvan gebreek is.[6] Daar is sowat 6 000 tablette in verband met wette, buitelandse korrespondensie en afsprake, adellike deklarasies en finansiële sake.[7] Van die oorblywende tekste bevat voorspellings, omens en gesange oor verskillende gode, terwyl ander handel oor mediese sorg, sterre- en letterkunde. Net 10 bevat ritmiese gedigte soos heldedigte en mites.[8] Dit sluit in die *Heldedig van Gilgamesj*, 'n skeppingsverhaal; die mite van Adapa, die eerste man; en stories soos *Die Arm Man van Nippur*.[9][10][11]

'n Tablet met sinonieme.

Die tekste is hoofsaaklik in Akkadiese wigskrif geskryf; ander is van onsekere afkoms.[12] Die tablette is dikwels volgens vorm en inhoud georganiseer. Dié met vier kante het gewoonlik inligting oor finansies bevat en ronde tablette inligting oor landbou.[13]

Nineve is in 612 v.C. verwoes deur 'n koalisie van Babiloniërs, Skitiërs en Mede, 'n Antieke Iranse volk. Daar word geglo van die tablette is gedeeltelik gebak in 'n groot brand wat die paleis verwoes het.[10] Ironies het dié vernietigende voorval gehelp om die tablette te bewaar.

Die databasis van die Britse Museum bevat 30 943 "tablette" in die hele versameling, en die kurators van die museum het 'n bywerking van die katalogus voorgestel as deel van die "Ashurbanipal Library Project".[14]

Daar was waarskynlik 'n veel groter versameling dokumente in die biblioteek, waarvan dié op was, leer en moontlik papirus in die brand verwoes is.

Voorbeelde van tablette

- Azekah-inskripsie
- Esarhaddon se Verdrag met Baäl van Tirus
- Nimrod-tablet K.3751
- Sargon II se Prisma A
- Venus-tablet van Ammisaduqa
- *Heldedig van Gilgamesj*
- *Enûma Eliš*

Verwysings

1. Polastron, Lucien X.: "Books On Fire: The Tumultuous Story Of The World's Great Libraries" 2007, pages 2-3, Thames & Hudson Ltd, Londen
2. Menant, Joachim: "La bibliothèque du palais de Ninive" (http://gallica.bnf.fr/ark:/12148/bpt6k104837f/f41.table) 1880, Parys: E. Leroux
3. Phillips, Heather A., "The Great Library of Alexandria?". Library Philosophy and Practice, Augustus 2010 (http://unllib.unl.edu/LPP/phillips.htm)
4. Roaf, M. (1990). Cultural atlas of Mesopotamia and the ancient Near East. New York: Facts on File
5. "Assurbanipal's Library" (http://knp.prs.heacademy.ac.uk/essentials/assurbanipalslibrary), *Knowledge and Power in the Neo-Assyrian Empire*, Britse Museum
6. Parpola, S. (1983). Assyrian Library Records. Journal of Near Eastern Studies, 42(1), 1-29.
7. Parpola, S. (1983). Assyrian Library Records. Journal of Near Eastern Studies, 42(1), 1-29.
8. Parpola, S. (1983). Assyrian Library Records. Journal of Near Eastern Studies,

42(1), 1-29.
9. Jeanette C. Fincke (5 Desember 2003). "Nineveh Tablet Collection" (http://fincke.uni-hd.de/nineveh/index.htm) (in Duits). Fincke.uni-hd.de. Geargiveer (https://web.archive.org/web/20111229145757/http://fincke.uni-hd.de:80/nineveh/index.htm) vanaf die oorspronklike op 29 Desember 2011. Besoek op 30 Mei 2012.
10. Polastron, Lucien X.: "Books On Fire: The Tumultuous Story Of The World's Great Libraries" 2007, bl. 3, Thames & Hudson Ltd, Londen
11. Menant, Joachim: "La bibliothèque du palais de Ninive" (http://gallica.bnf.fr/ark:/12148/bpt6k104837f/f41.table) 1880, page 33, Parys: E. Leroux
12. Parpola, S. (1983). Assyrian Library Records. Journal of Near Eastern Studies, 42(1), 1-29.
13. Murray, S. (2009). *The library: An illustrated history*. Chicago, IL: Skyhorse Publishing, (ble. 9).
14. "Ashurbanipal Library Phase 1" (http://www.britishmuseum.org/research/research_projects/ashurbanipal_library_phase_1.aspx) (in Engels). Britishmuseum.org. Geargiveer (https://web.archive.org/web/20111117202505/http://www.britishmuseum.org/research/research_projects/ashurbanipal_library_phase_1.aspx) vanaf die oorspronklike op 17 November 2011. Besoek op 30 Mei 2012.

Eksterne skakels

- BBC-legger (http://www.bbc.co.uk/programmes/b00b7r71). *In our time*, besprekingsprogram. 45 minute.

- Wikimedia Commons het meer media in die kategorie Biblioteek van Assurbanipal.
- Hierdie artikel is vertaal uit die Engelse Wikipedia

Ontsluit van "https://af.wikipedia.org/w/index.php?title=Biblioteek_van_Assurbanipal&oldid=2220570"

Die bladsy is laas op 29 Junie 2020 om 17:57 bygewerk.

Die teks is beskikbaar onder die lisensie Creative Commons Erkenning-Insgelyks Deel. Aanvullende voorwaardes kan moontlik ook van toepassing wees. Sien die Algemene Voorwaardes vir meer inligting.